please pray

Oktober 2010

-Heb 10:23 –
Kom ons hou ook styf vas aan die hoop wat ons bely, want ons kan op God staatmaak; Hy sal doen wat Hy beloof het.

Zanè

Ons is baie dankbaar dat die Here op Sy manier hier vir ons ‘n wonderwerk kom doen het. Zanè is die oggend van die 1ste Oktober geopereer. Na ‘n operasie wat byna 3 ure lank geduur het is ‘n eiervormige gewas van 4.5 by 5.5cm in deursnit suksesvol uit haar wangetjie verwyder. Die operasie kon in geheel binnensmonds geskied en is opsigself ‘n wonderwerk. Die moontlikheid van ‘n tragiale pyp wat ingesit moes word indien die operasie oormatige swelling en bloeding sou veroorsaak, was ook nie nodig nie. Slegs ‘n pypie deur haar neus was voldoende om haar lugweg oop te hou. Ons kan nie genoeg dankie sê aan ons Hemelse Vader wat so wonderlik voorsien het en die hande van die chirurge geseën het nie. Zanè het so goed herstel dat sy na twee dae in die ICU oorgeplaas is na ‘n gewone saal. Sy is die oggend van die 5de Oktober uit die hospitaal ontslaan en dit gaan baie goed met haar.

Vrydag 1 Oktober 2010

Maandag 4 Oktober 2010

Baie dankie vir almal se gebede en belangstelling !

“Want die Naam van die Here roep ek uit: Gee grootheid aan onse God! Die Rots- Volkome is Sy werk.” *Deut 32:3-4*

Konferensie

Die reëlings vir die konferensie vorder goed en sprekers soos Jim Stier (YWAM Brasilië), Floyd McClung (All Nations) en Fergus Buchan (Broer van Angus Buchan) het almal reeds ingestem om by die konferensie op te tree. Beyers kon ook ‘n hele aantal gemeenteleiers van die omgewing persoonlik inlig oor die konferensie en almal se reaksie is baie positief. Daar is ook ‘n moontlikheid dat Louis Britz by die konferensie gaan optree.

‘n Groot uitdaging gaan egter wees om borge vir die konferensie te kry.

JCC Plakkerskamp

Na vele pogings om die terrein gelyk te gaan maak waar die Judea Harvest tent opgesit moet word het ons uiteindelik daarin geslaag om ‘n trok en TLB te kry. Na sowat 15 minute se werk op die terrein is ons egter deur van die inwoners gestop wat beweer het dat dit gemeenskapsgrond is en ons die werk onmiddelik moet staak. Die grond kwessie moet nou eers uitgesorteer word alvorens ons met die werk daar kan voortgaan.

Power Town Uitreik

Power Town is ‘n plakkerskamp net buite Klein Brak met ongeveer 455 inwoners. “Go” en Manne van die Woord gaan saam met Oom Fergus Buchan ‘n uitreik na hierdie gebied loods. Die uitreik sal DV 19 Oktober om 16:00 tot laat aand in Power Town plaasvind.

Bid asseblief saam met ons:

your mission our passion

- Dankie vir Zanè se suksesvolle operasie en wonderbaarlike herstel.
- Dankie vir die sprekers wat reeds ingestem het om te kom. Bid ook dat niks sal voorval wat hulle koms sal verhinder nie.
- Ons benodig fondse om ‘n Webtuiste te begin. Dit raak baie nodig veral met die oog op die konferensie.
- JCC Plakkerskamp – dat die grondkwessie spoedig opgelos sal word
- Power Town Uitreik – Voorbereiding in die harte van die mense; reëlings; die uitreik self en die opvolg daarna.

- Konferensie – Borge; reëlings; bevestiging van die musikante
- Die boekie oor sendinguitreike en -aktiwiteite vir 2011 moet weer saamgestel word – Bid vir die insameling en verwerking van al die inligting.
- In Konteks seminaar aangebied deur Mike Burnard in Hartenbos die 22ste -24ste Oktober. Dat baie mense se harte sal oopgaan vir die sending-wêreld en met die regte strategie sal voortwerk.

Baie dankie vir jou belangstelling en gebede.

Liefde
Beyers en Christelle

"*Genuinness and honesty, not eloquense,*

will win the hearts of men and women"

your mission our passion